



# Chemiese beheer van katbos

## – opvolgartikel

CHRIS RICHTER, Terra-care, MARLENE VAN DER WALT en ELBÉ HUGO, albei van die LNR-Instituut vir Graangewasse, Potchefstroom

**D**ie artikel *Chemiese beheer van katbos* wat in Oktober verlede jaar se *SA Graan/Grain* verskyn het, het vele navrae en bespreking uitgelok. Hierdie opvolgartikel spreek van die belangrikste aspekte wat uit die navrae voortgespruit het, aan.

Katbos is 'n hardnekkige, kruidagtige indringerplant wat "resepte" wat moontlike beheer van die onkruid in die hand kan werk, dikwels in die kollig plaas. Die effektiewe beheer van katbos is in die meeste gevalle wisselvallig en realiseer nie maklik nie. Slegs produkte wat spesifiek volgens Wet nr. 36 van 1974 vir die beheer van katbos geregistreer is, mag chemies toegedien word.

Tans is daar min aktiewe bestanddele vir die chemiese beheer van katbos geregistreer. Dit sluit onder andere tebutiuroon (Limpopo) en pikloram (Browser SL) in. Limpopo 200 GG bevat tebutiuroon 200 g/kg (wees versigtig), reg. nr. L7795, Wet 36 van 1947 en Browser SL bevat pikloram 240 g/l (wees versigtig), reg. nr. L7357, Wet 36 van 1947.

Albei onkruidoders het 'n relatiewe lang half-leeftyd in die grond wat kan wissel vanaf 90 dae tot 'n jaar of langer. Sekere middels waarna in die vorige artikel verwys is, is nie geregistreer vir hierdie spesifieke aanwending nie (Molopo) of is van die mark af (Chopper).

Hoewel beide tebutiuroon en pikloram nie besonder effektief as grasoders teen normale dosisse is nie, kan beduidende grasskade in weiding voorkom omdat die geregistreerde katbosdosis wel hoog genoeg is om grasse te dood. Beskadigde weiding kan binne 'n jaar herstel, mits die reënval voldoende is.

Toediening van die produkte moet egter steeds gerig wees op die beheer van katbos, terwyl aangrensende bome en plante se wortelzones, waar moontlik, vermy moet word. Beide aktiewe bestanddele is sterk breëblaar-onkruidoders wat aangrensende plante en/of bome kan beskadig indien die produkte deur die nie-teikenplante se wortels opgeneem word.

Tebutiuroon se dosis word bepaal deur die hoeveelheid biomassa van 'n plant, omdat daar 'n sterk korrelasie tussen die planthoogte en biomassa bestaan. Om hierdie rede word dosisse op die etiket op planthoogte vir handtoediening op bome aangedui. Anders as bome, het katbos nie 'n penwortelstelsel nie, maar 'n wydverspreide, vlakkerige wortelstelsel wat vergelykbaar is met 'n bywortelstelsel (sien Foto 1).

In die geval van katbos word die dosis daarom eerder bepaal deur die deursnee van die wortelbasis in ag te neem om sodoende soveel as moontlik van die wortels te bereik. Korreltoediening word eerder aanbeveel omdat die korrels beter in die wortelbasis versprei.

Tebutiuroon word deur vog geaktiveer omdat dit net deur plantwortels geabsorbeer word. Reën na toediening is dus noodsaaklik om die aktiewe bestanddeel in die grond in te was.

Die gebruik van tebutiuroon word nie aanbeveel op gronde waarvan die kleipersentasie hoër as 30% is nie, aangesien dit onkruid-

odereffektiwiteit kan beïnvloed. Behandeling van katbos moet verkieslik vroeg in die somer plaasvind – sodra die risiko van brandgevaar verby is.

Pikloram word met water verdun en op blare toegedien. Genoegsame groen loof moet tydens periodes van aktiewe groei teenwoordig wees vir die beter opname van die produk. Die produk moet dus eers gedurende Desember en Januarie toegedien word, wanneer die loof voldoende ontwikkel het vir loofbehandelings. Pikloram kan deur groen loof, die ontblote kambium van afgesaagde plante en bome of deur plantwortels geabsorbeer word.

Op klein areas kan rugsakspuite vir piklorambespuittings gebruik word. Hierdie produk moet op groen loof en nuwe lote tot by die punt van afloop, toegedien word. Daar is tans geen produkte vir die beheer van katbos deur middel van lugtoediening geregistreer nie.

Konserwatiewe opvolgbehandelings is die beste manier om die indringer die stryd aan te sê. Waar katbos reeds ondeurdringbaar verdig het, kan daar vanaf die buitekant (perimeter) begin word om eers alleenstaande plante te behandel, gevolg deur toedienings langs grensdrade. Een strategie is om tebutiuroon toe te dien en dan met pikloram op te volg indien enige hergroei tydens die volgende seisoen voorkom.

Vir meer inligting oor die tyd van toediening en aanbevole dosisse, kan Chris Richter by [terracare@mjvn.co.za](mailto:terracare@mjvn.co.za) gekontak word. ■



▲ 1: 'n Voorbeeld van die uitgebreide wortelstelsel van katbos (*Asparagus larycinus*).